OOREENKOMS VAN OPVOEDENDE ONDERRIG EN AANSOEK OM TOELATING

AANGEGAAN TUSSEN

LAERSKOOL PRESIDENT STEYN

EN VOLLE NAAM VAN OUER/VOOG: _____

vir die opvoedende onderrig van

VOLLE NAAM VAN LEERDER: _____

DIE PARTYE KOM SOOS VOLG OOREEN:

1. SKOOLGELD

1.1 *Skoolgeld word op 'n jaarlikse basis deur die Bestuursliggaam van Laerskool President Steyn vasgestel. Die heersende bedrag per kind en wyse van betaling is op aanvraag by die administratiewe kantoor beskikbaar. Skoolgeld is vooruit betaalbaar teen nie later as die sewende dag van die maand nie. State word op die 7de van die maand aan ouers uitgereik indien daar enige bedrag verskuldig is. Dit sal as 'n* **eerste vermaning** *dien.*

1.*2* *Skoolgelde is die verantwoordelikheid van beide ouers en is betaalbaar deur beide ouers. Indien die partye andersins in 'n skikkingsakte (egskeiding) bepaal, is die skool nie 'n party tot sodanige ooreenkoms nie en sal die skool optree teen beide ouers vir die* **volle betaling van alle skoolgelde**.

1.3 *Die afslag op skoolgelde sal net geld indien* **alle skoolgelde** *op datum is en betaal is in terme van die ooreenkoms. Indien einge betaling nie op die ooreengekome dag betaal is (op datum betaalbaar) sal die volle bedrag uitstaande onmiddellik opvraagbaar en betaalbaar wees.*

1.4 *Die 10% korting op eenmalige skoolfonds betaling sal net gegee word op 'n volle betaling van skoolgelde voor of op* **einde FEBRUARIE,** *anders verval die korting.*

1.5 *Die* **OUER** *wat aansoek doen en kwalifiseer vir subsidie vir skoolgeld, sal dit ontvang volgens die bepalings wat deur die Beheerliggaam neergelê word.*

1.6 *Indien die* **LEERDER** *die skool verlaat en die skoolgeld is vir meer as een maand vooruit betaal, kan die* **OUER** *aansoek doen om 'n pro-rata terugbetaling indien die* **OUER** *die skool 'n maand vooruit skriftelik kennis gee van die voorneme om te verhuis.*

1.7 *Indien die gelde soos bogemeld nie betaal is nie en geen uitstel / subsidie is voor aansoek gedoen nie, behou die skool en die Beheerliggaam hulleself die reg voor om regsaksie in te stel.*

2. GELDIGHEIDSDUUR

Hierdie ooreenkoms kom tot stand by die ondertekening daarvan deur die partye en verstryk

2.1 *op die laaste skooldag van die jaar waarin die* **LEERDER** *graad 7 in Laerskool President Steyn geslaag het, indien al die voorwaardes en verpligtinge hierin vervat, nagekom is, of*

2.2 *op die laaste dag waarop die* **LEERDER** *Laerskool President Steyn bywoon, waarna die leerder 'n ander skool sal bywoon, indien al die voorwaardes en verpligtinge hierin vervat, nagekom is.*

3. OPVOEDENDE ONDERRIG

Die skool voorsien aan die ***LEERDER*** *opvoedende onderrig in ooreenstemming met die kurrikulum en sillabusse van die Gautengse departement van Onderwys en onderworpe aan die bepalings van die* ***WET*** *en die* ***GRONDWET*****.**

2/...

4. ONDERNEMINGS DEUR DIE OUERS:

DIE OUER:

*4.1 Hiermee word my/ons **toestemming** gegee dat leerder mag deelneem aan alle aktiwiteite wat die skool aanbied en/of waarvoor hy/sy gekies word tensy die ouers/voogde skriftelik anders versoek.*

* **Ek/ons aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my/ons kind en dat ek/ons verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van mediese en/of hospitaalrekeninge indien van toepassing.**

* **Ek versoek egter dat die verantwoordelike persone op die volgende sal let** *(noem aspekte soos allergieë, abnormale bloeding, gebreke, ens.)*

1. _____

2. _____

*4.2 Vrywaar **LAERSKOOL PRESIDENT STEYN**, sy werknemers en amptenare hetsy deeltyds of voltyds vir beide die Gautengse Departement van Onderwys op die Beheerliggaam aangestelde opvoeders teen enige aanspreeklikheid voortspruitend uit enige nadeel wat sal insluit maar nie beperkend sal wees t.o.v.*

1. Diefstal
2. Beserings
3. Aanrandings
4. Enige ander skade of nadeel van watter aard ookal hetsy deur nalatigheid al dan nie van enige amptenaar, werknemer of verantwoordelike persoon wat hy en/of **DIE LEERDER** *mag ly.*
LAERSKOOL PRESIDENT STEYN *onderneem om* **DIE LEERDER** *voortdurend onder die beste moontlike toesig tydens skoolure en skoolaktiwiteite te plaas.*

4.3 Verleen magtiging aan die **SKOOLHOOF** *of enige onderwyser om toestemming te verleen vir enige operasie of mediese behandeling wat* **DIE LEERDER** *dringend mag benodig in 'n geval waar* **DIE OUERS** *se toestemming nie tydig verkry kan word nie;*

4.3.1 Met voorbehoud dat geen aanspreeklikheid van kostes en/of ander aanspreeklikheid deur die Skoolhoof, Skool, GDO, Beheerliggaam of Opvoeder aanvaar word met sodanige toestemming.

*4.4 Aanvaar die skoolreëls, reëls en regulasies van **LAERSKOOL PRESIDENT STEYN** soos dit op hom en **DIE LEERDER** van toepassing is.*

*4.5 Onderwerp hom en **DIE LEERDER** aan die bepalings soos uiteengesit in die **TOELATINGSBELEID** van **LAERSKOOL PRESIDENT STEYN.***

*4.6 Onderneem om **LAERSKOOL PRESIDENT STEYN** onverwyld te verwittig van **DIE LEERDER** se afwesigheid en om die redes vir sodanige afwesigheid skriftelik aan **LAERSKOOL PRESIDENT STEYN** te verstrek.*

4.7 Verkies hiermee vir doeleindes van hierdie ooreenkoms, die adres soos hieronder aangedui. Welke adres 'n domcilium citandi et executandi adres sal wees.

WOONADRES: _____

_____

POSADRES: _____

_____

4.8 Erken dat die volle inhoud van hierdie dokument aan hom bekend en duidelik verstaanbaar is.

HANDTEKENING VADER/VOOG : _____ **DATUM***:* _____

HANDTEKENING MOEDER/VOOG: _____ **DATUM***:* _____

HANDTEKENING SKOOLHOOF : _____ **DATUM*:*** _____

/eb